

3 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-13

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12

Drie redes om myself in God se Woord te verdiep

Wat is my ingesteldheid teenoor hierdie tydjie wat ek met God spandeer? Is dit dalk iets soos dit: Ag, lees net hierdie stukkie vinnig sodat ek by die werk kan kom. Handel dit net af sodat ek kan gaan slaap. Dalk het jy nog ernstig oorweeg of dit *REGTIG* nodig is om vandag hierdie stukkie te lees.

Weet jy, dit is regtig nodig om hierdie tyd met God te spandeer. Dit is lewensgevaarlik, maar dit is nodig. Hier is drie redes waarom ons onself moet verdiep in die lewensgevaarlike Woord van God:

- Eerstens is die Woord lewend. Die Woord leef deur die werking van die Heilige Gees. Dit *doen* iets aan 'n mens. Die Woord van God, deur die werking van die Gees, *verander* die mens se lewe! Die natuurlike haat vir God en ons naaste word vervang met liefde en dankbaarheid teenoor God vir die lewe wat Hy aan ons gee, deur die lewe van sy Seun – die Woord wat mens geword het! Lewensgevaarlik! Deur die Woord mag jy net dalk jou huidige lewe verloor en 'n nuwe een kry!
- En daarom is dit ook kragtig. Dit verander die mens. Maar meer as dit, aan die mens word die krag gegee om teen die sonde te stry. Die Woord verander en die Woord laat ons tot aksie oorgaan!
- Laastens is die Woord skerp en dring dit deur alle pretensie. Die swaard wat aan twee kante geslyp is, se bedoeling is om deur alle verdediging, beskerming wat 'n persoon aanhet, te kan dring tot die diepste, mees kwesbare punt van die mens se samestelling. Geestelik gesproke dring die Woord van God in deur alles wat ons voorhou om te wees – ook die gedagtes en bedoelings waarmee ons dinge doen – en tref dit die diepste punt van jou wese. Dit ontbloot mens sodat jy eerlik, opreg voor God kan staan en in jou eenvoud en sonde kan erken wie jy is en kan bely – sonder Hom is ek niks! Met Hom is ek meer as 'n oorwinnaar!

Maak oop die lewensgevaarlike boek, verdiep jouself daarin en laat die Woord en Gees jou nuut maak.

Sing: Psalm 89:1, 6 (1936)

Ds. D (Dirk) Kotzee (Gobabis)